# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (32/14)

*Justin Chadwick (22 Augustus 2014)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Everyone is entitled to my opinion" Madonna***

## CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL (CRI) - SITRUSNAVORSINGSIMPOSIUM

Die suider-Afrika se sitrus-navorsingsisteem werk soos 'n goed geoliede masjien – so ook die organisering van hierdie jaar se CRI Sitrusnavorsingsimposium. Vyf honderd en vyftig (550) afgevaardigdes het in die majestieuse Drakensberg (in Curriebeker wêreld) ontmoet om ingelig te word oor navorsing en tegniese ontwikkelings in die bedryf. Vir 'n bedryf wat afhanklik is van navorsing en ontwikkeling om globaal kompeterend en volhoubaar te bly, was die simposium 'n aanduiding van die groot verskeidenheid talentvolle navorsers wat voortgaan om die bedryf aan die voorpunt te hou. Die CGA is trots daarop om met hierdie twee-jaarlikse gebeurtenis geassosieer te word. Daar was sewentig referate en veertig plakkate aangebied oor die twee en 'n half dae, die Suid-Afrikaanse Sitruskwekersvereniging (SACNA) het hul AJV gehou, so ook die Suid-Afrikaanse vereniging van Sitruskonsultante (SASCCON). Die CRI en CGACC het beide hul Raadsvergaderings by die plek gehou (gevolg deur die Citrus Academy en CGA Raadsvergaderings net af in die pad in Hillcrest). Op Donderdagaand is die AJV van die Citrus Industry Trust, River Bioscience, Citrus Academy, CRI, CGACC en CGA by die Makaranga Lodge in Kloof gehou. 'n Moeilike week vir almal wat betrokke was!!!!

Baie geluk aan die organiseringspan - **Hennie le Roux, Henry Skinner en Jean De Gasperi**; die wetenskaplike komitee wat bestaan het uit **Vaughan Hattingh, Tim Grout, Paul Fourie, Paul Cronje en Sean Moore** (selfs ek kon die meeste van wat aangebied is, verstaan); en die Finansiële komitee van **Henry Skinner en Bella Thulare**.

Baie spesiaal was die bywoning deur die "oranje span" van die Citrus Academy – maklik herkenbaar deur hul kleurvolle kleredrag. Ses van die referate is deur navorsers aangebied wat deur die Citrus Academy geslaag het – ek is seker dat Jacomien en die Academy personeel met reg trots was op hul protégés se vordering.

Toe ek by die CGA in 1999 aangesluit het, was **Ian Moore** my mentor – hy en sy vrou **Marianne** het in my 'n begrip van die sitrusbedryf vasgelê wat ek nie op daardie stadium waardeer het nie. Dit was regtig 'n plesier om te sien hoe Ian 'n CRI Tegniese Meriete Toekenning van die CRI by die gala ete (geborg deur Bayer en SAPPI) ontvang het. Vaughan Hattingh in sy welsprekende manier het ook toekennings aan **Dr Stephan Kamburov en Dr Sarel du Plessis** oorhandig. Dr Kamburov het olie as 'n bespuiting vir rooi dopluis ingestel – en sodoende 'n bedreiging vir die sitrusbedryf afgeweer. Hy het baie rond gereis en was bekend en geliefd, dink asseblief aan hom want hy sukkel met swak gesondheid (en diegene wat hom goed ken kan hom bel en met die toekenning gelukwens). Dok Sarel het sy graad in die jaar wat ek gebore is, ontvang!! Hy weet meer van voeding en vruggrootte as die meeste – en gaan steeds voort om optimum voedingsvlakke na te vors. Hierdie here het hul lewens aan die bedryf gewy – en getoon dat elke individu 'n blywende merk kan maak en 'n nalatenskap kan hê.

Dit sou nie moontlik gewees het om 'n simposium op so 'n groot skaal te kon hou sonder die vrygewigheid van borge nie – Diamant borg **BAYER**; Platinum **SAPPI**; Saffier **BASF**; Robyn **ARYSTA LIFESCIENCE**; Smarag **YIELD, RIVER BIOSCIENCE en XPS**; Goud **ADAMA, COMPAC, VILLA, NETAFIM, LOWVELD AGROCHEM, INSECT SCIENCE, DOW AGROSCIENCE, BUDGET, PLUSNET, CITRASHINE, HARVEST en MAF RODA**; en 'n reeks van Silwer- en Bronsborge.

Wie sê "Navorsers kan nie dans nie" – die Radio Kalahari Orkes se musiek ('n bietjie vreemd in die heuwels van die laaste buitepos van die Britse Ryk) het die gaste by die Gala Ete op hul voete gehad en party het 'n paar goeie passies gemaak. Jonny Roberts het gewys dat vermaak in die familie loop as die seremoniemeester – die die lesingsaal was redelik leeg tydens die eerste lesing die volgende oggend.

As ek deur die bywoningslys gekyk het, toon dit 'n wye reeks van besighede en persone (werke) wat afhanklik is van suider-Afrika se sitrusbedryf. Afgesien van die baie navorsers en produsente wat bygewoon het, was daar persone van die chemiese bedrywe, kunsmisbedrywe, verpakking, vervoer, konsultante, regering, PPECB, besproeingsbedryf, pakhuis-masjinerie, kwekerye, paletvervaardigers, uitvoeragente, waksverskaffers, verteenwoordigers van kultivarmaatskappye en studente (en 'n paar wat ek waarskynlik uitgelaat het).

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 34<br>**Miljoen 15 Kg Kartonne** | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2012 | 2013 | 2014 | 2013 | 2014 | 2014 | 2014 | 2013 |
| Pomelo's | 12.5 m | 17.3 m | 14.9 m | 16.6 m | 14.1 m | 16.5 m | 14.9 m | 17.9 m |
| Sagte Sitrus | 6.9 m | 7.4 m | 9.1 m | 6.9 m | 8.3 m | 9.2 m | 10.1 m | 8.4 m |
| Suurlemoene | 9.5 m | 10 m | 12.8 m | 9.7 m | 12.4 m | 12.1 m | 12.8 m | 10.6 m |
| Nawels | 23.8 m | 24.6 m | 24.2 m | 23.7 m | 23.1 m | 25.8 m | 24.5 m | 25.4 m |
| Valencias | 24.4 m | 25.7 m | 25.9 m | 17.3 m | 17.2 m | 49.5 m | 48.1 m | 51.4 m |
| Totaal | 77.1 m | 85 m | 86.9 m | 74.2 m | 75.1 m | 113.1 m | 110.4 m | 113.7 m |